SAIV WEL-EN-WEË-BRIEF – JUNIE 2024

Dagsê Veteraan, met hierdie Wel-en-Weë-Brief wil die SAIV veterane in kontak bring met mekaar deur kennis te neem van jul welstand en wetenswaardighede en om allerlei brokkies nuus mee te deel.

- **Met Opregte Medelye:** Genl.Maj. Hans Möller, Senior Lid, oorlede 17 Mei 2024.
  - 'n Huldeblyk deur genl.maj. Gert Opperman, SAIV President, verskyn op bladsy 3.

- **Verjaarsdagwense** aan die veterane, asook die gades wat hierdie maand verjaar.
  "Al gjee ek my hele bokke weg, net om die ag (eer) te hê, dan sal al hierdie dinge my nou nog niks gepetaal hettie as ekke die liefde ytie jimmel yt kan geloop haal hettie." *(1 Korintiërs 13. Hans du Plessis. Innie skylte vannie Jirre. Griekwapsalms en ander gedigte)*

- **Spoedige Beterskapswense aan:**
  - Lt. Genl. R.F. Holtzhausen, Ere-President SAIV, ongesteld, word tuis versorg.
  - Lt. Genl. Wessel Kritzinger, Senior Lid, word tuis versorg.
  - Genl. Maj. Hennie Schultz, Senior Lid, beenmurgkanker, ervaar beterskap.
  - Brig. Genl. Johann (Vossie) Vorster, Senior Lid, ontvang mediese sorg.
  - Wickus van der Linde, Voorsitter SAIV, is tans in 1 Mil, linker bobeen in 'n fratsongeluk op twee plekke gebreek. Medici moes eers sy hart kondisie stabiliseer, voordat aan sy been gewerk kon word. Beide is op die 5e Junie 2024 gedoen.
  - Flip Marx, drastiese beterskap na maandelange ongesteldheid.
  - Herman de Beer, Melksbosstrand, in Vredenburg 'Step-down', ontvang mediese sorg.
  - Robbie Godley, West Rand Branch, Swartruggens, still dependent from COPD.
  - Peet Dreyer, Centuriontak, sukkel met asemnood en gebruik suurstof.
  - Dawid Botha, Trans Magaliestak, ontvang mediese sorg.
  - John Quin, Centuriontak, intussen geval, moes heupvervangingsoperasie ondergaan.
  - Olivia Steenkamp, Wesrandtak, been gebreek, sterk aan vir verdere operasies.
  - Charles Rogers, Centuriontak, oogoperasie.

- **Koringkorrel** – In aansluiting by Psalm 23 vers 3: Ter wille van Sy eer
  "Die naam van God is God self; sy wense, in soverre dit aan die mens geopenbaar kan word; dit wat Hy is, sowel as wat Hy kan doen." (John Wesley)

- **'n Mondvol**
  "Hoe meer tevrede 'n man met my is, hoe meer tevrede is ek met hom. En hoe gouer is ons al twee ontevrede." *(Langenhoven)*

- **Kontak**: Wel-en-Weë-Brief: welenwee@sainfantry.co.za
  Webtuiste: www.sainfantry.co.za
  Facebook Blad: South African Infantry Association

- **RMVO SA se Jaarlikse Herdenkingsdiens** was Sondag 26 Mei 2024 by die Voortrekkermonument
  - Die laaste strofe van dié gepaste lied "WE NOW STAND UP" geskryf deur Johann du Preez en gesing deur Du Preez Stoltz op die melodie van "You raise me Up", klink so:

    Now we stand up, to honour you young soldier;
    Now we stand up, we salute you again today,
    Forever we will stand up and remember;
    Forever we will honour you my friend.
    Forever we will honour you my friend.

- **SA Infanterie Gedenksteen** by die Voortrekkermonument
  - Dit is tradisie dat na afloop van die RMVO se Herdenkingsdiens, al die SA Infanterielede wat die diens bygewoon het, vir 'n kort wyle by die Gedenksteen vergader.

➢ Huldeblyk by die Gedenkdiens van Wyle Genl.Maj. Hans Möller 31 Mei 2024

***3 Oktober 1938 - †17 Mei 2024**

- Dit is ‘n groot voorreg om ‘n kort huldeblyk namens die SA Infanterievereniging en al Hans se ou kamerade te lewer. Generaal Georg Meiring het altyd ‘n baie groot agting vir Hans gehad en wou dit graag self doen. Hy kan egter as gevolg van omstandighede nie vandag hier wees nie en het om verskoning gevra. Ontvang asseblief ons almal se opregte meegevoel met u as familie se baie groot verlies.
- ‘n Oud-Lugmagoffisier het soos volg gereageer toe hy gevra is of hy vir Hans geken het: “Ja, ‘n uitstekende soldaat, ‘n uitstekende mens, ‘n uitstekende vriend, met onwrikbare integriteit en - inbors!”
- Meer as dertig oudkollegas en ondergeskiktes is as referente oor Hans genader. Almal se gewaardeerde insette onderskryf dit ten volle. Dit is ook hoe ek hom sedert 1963 persoonlik leer ken het. Daar is ongelukkig nie tyd en dit is ook nie die plek om hier meer van die interessante staaltjies wat ontvang is, te vertel nie, maar dit is reeds opgesom en sal vanaand, saam met ‘n afskrif van hierdie huldeblyk, op sosiale media versprei word.
- Hans, soos ons hom geken het, of Johannes Petrus Meyer Möller, soos hy dikwels na homself verwys het, het van 1957 tot 1960 as ‘n militêre polisieman kampe by Voortrekkerhoogte bygewoon. Vanaf 1 Julie 1960 het hy saam met 10 ander studente ‘n Staandemag jongoffisierskursus by die ou SA Militêre Kollege bygewoon en op 15 Mei 1961 sy kommissierang ontvang.
- Van die eenhede waar hy gedien het, sluit in Die Leërgimnasium, Die Infanterieskool, as stigterslid, Die SA Leërkollege en 2 SAI Bataljon Groep te Walvisbaai. Intussen het hy in 1967 ‘n basiese valskermspringkursus gedoen. Hy het daarna by verskeie geleenthede vir kort tye te Afdeling Militêre Inligting diens gedoen. Tydens die laaste fase van die oorlog in Rhodesië was hy vir ‘n jaar lank die persoonlike skakeloffisier tussen genl. Walls en genl. Malan. Met sy terugkeer is hy op die staf van Spesiale Magte Hoofkwartier aangestel.
- ‘n Paar jaar vroeër, in Oktober 1972, is hy met ‘n week se kennisgewing as bevelvoerder van 1 Valskermbataljon aangestel, sonder dat hy ooit vooraf in die eenheid gedien het. Omdat hy in daardie stadium nog net ‘n basiese springkursus gedoen het en bevel moes voer oor baie hoogs gekwalifiseerde en ervare valskermsoldate, van wie sommige hulle hele loopbaan in dié eenheid gedien het, was dit ‘n groot uitdaging. Hy het self gesê dat sommiges hom as ‘n “inkommer” en “’n geldspringer” beskou het. Hy het nietemin die verdere kwalifiseringskursusse met groot entoesiasme en -sukses aangepak en ook sy eerste operasionele sprong gedoen. Hy het, na aanleiding van sy ondervinding in Walvisbaai, die sogenaamde Möllers Marathon by 1 Valskermbataljon ingestel. Dit het behels dat alle eenheidslede elke Vrydagmiddag na werk minstens 5 km saam moes hardloop. Dit word steeds deur sommiges as een van sy belangrikste erflatings beskou, omdat dit sóveel bygedra het tot samehorigheid, eenheidsgees en fiksheid.

- Vanaf Oktober 1974 tot Mei 1978 was hy die Leërbevelvoerder te Rundu, vanwaar hy ook as die bevelvoerder van Veggroep X-ray aan Operasie Savannah deelgeneem het. Tydens Savannah het hy verskeie benoude situasies beleef, onder andere as gevolg van die gebrek aan behoorlike kaarte en verbindings.
- By Rundu het daar ‘n insident gebeur wat alle betrokkenes lewenslank sou bybly en baie sê van die mens, Hans Möller. In die aanloop tot ‘n spesifieke, baie gevaarlike verkenningsoperasie in Zambië, toe die Spesiale Magte-span om 01h00 reeds besig was om in die verdonkerde C130-vliegtuig hulle springuitrusting aan te trek, het Hans skielik in die vliegtuig verskyn en gevra of hy vir hulle iets uit die Bybel mag lees. Dit het hulle baie diep geraak. Psalm 144 het daarna, ook by ander geleenthede, vir hulle ‘n besonderse vewysingspsalm gebly.
- Sy laaste twee aanstellings was dié van bevelvoerder Kommandement Noord-Transvaal, vir ongeveer vyf jaar, en vanaf Oktober 1988 tot sy aftrede, ongeveer drie jaar later, as bevelvoerende generaal van Kommandement Oos-Transvaal in Nelspruit.
- Terwyl Hans as bevelvoerder en skakeloffisier deur alle referente as uitnemend bestempel is, was veral die wyse waarop hulle sy persoonlike eienskappe beskryf het, veelseggend. Woorde wat telkens herhaal is, sluit in: Wonderlike, vriendelike, afgeronde mens, sonder skerp punte wat aanstoot gee; goeie voorbeeld en inspirasie as soldaat, -mens en -gesinsman; mens-mens wat ‘n terggees was en graag gekorswil het, ook met homself; ‘n opregte Christen wat dit prakties uitgeleef het; ‘n volksman met besonderse aanvoeling vir geskiedenis; ‘n vreugde en voorreg om in sy teenwoordigheid te wees; iemand wat sy ondergeskiktes vertrou en ondersteun het; ‘n mooi mens, van buite en binne; helderdenkend, nederig, pretensieloos en veel meer. Daar kan geen twyfel wees dat hy en sy eggenote, Petro, vir wie daar netso soveel respek, waardering en liefde was, besondere rolmodelle was wat diep in mense se harte ingekruip het.
- Volgens hom was hy só baie verplaas omdat “hulle” nie geweet wat om met hom te doen nie, maar as daar moeilikheid was, was die benadering altyd “gee vir Mollie die bollie” en “gee vir Hansie ‘n kansie”.
- Feitlik al die referente het verwys na sy besondere kompeterende ingesteldheid en -prestasies, natuurlik as rugbyspeler - onder andere 34 keer vir die Noord-Transvaal Rugby Unie uitgedraf, asook enkele wedstryde vir SWD, maar ook ten opsigte van jag, brug, tennis, muurbal, gholf, later rolbal en uiteindelik ook kroukie. Min weet egter dat dit ook op blokkiesraaisels van toepassing was. Hy het dit as ‘n kompetisie en ‘n operasie benader en as hy vashak, sonder huiwering kundige kollegas telefonies vir leidrade genader!
- Uit wat gesê is, sal u weet hoe ons Hans geken het en hoekom hy só hoog geag is. Ons as sy vriende en oudkamerade groet ‘n groot infanteris, ons gaan hom mis en eer sy nagedagtenis! Rus in vrede!